

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-4:4, 5 (21:4, 5)

- 4 Lankmoedig is die liefde in pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase of hoog van spraak;
niks wat hier onweloweglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongereggtigheid wil sy,
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:12, 14 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare ontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewe / van huiselike vreug.

Skriflesing: Efesiërs 5:21-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41:108

Kernvers: Efesiërs 5:25-30

Mans, julle moet julle vrouens liefhê, soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, badat Hy dit met die water en die woord gereinig het, sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. Die man behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.
(Efesiërs 5:25-30 AFR83)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Tema: Die man se nuutgemaakte verhouding met sy vrou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in ons reeksprediking het die Here dit so beskik dat ons vanaand by die sewende gebod en die verklaring daarvan in Sondag 41 uitkom. In plaas daarvan om te fokus op al die dinge waarteen die Here ons waarsku in hierdie gebod, gaan ons eerder vanaand en volgende Sondagaand luister hoe 'n huwelik lyk wat kuis en ingetoë en tot eer van God is. Aangesien die man van die begin af die adres van die huisgesin en huwelik by die Here is, staan ons vanaand eers stil by die man se verhouding met sy vrou.

Ons kom al hoe meer agter dat die huwelik, soos wat ons dit in die Bybel leer ken, onder al groter druk verkeer. Ja, ons almal weet dat daar vanuit die ongelowige samelewing nie meer respek is vir die huwelik soos wat God dit ingestel het nie. Man en vrou, nie net jonges nie, maar ook ouer mans en vrouens, bly eerder saam as om hulleself in 'n huwelik te verbind. Honderde, of moet ons eerder sê, duisende huwelike eindig jaarliks tragies in die egskeidingshof, weens watter druk daar ook al was.

Maar afgesien van hierdie saamblygewoonte en die tragedie van egskeidings, weet elkeen van ons hoe benoud ons huwelike al geword het. Miskien is jou huwelik tans in so 'n benoude fase. Ek wil dit waag om te sê dat huwelike fases van benoudheid deurgaans nie as gevolg van faktore van buite af nie, maar as gevolg van die druk wat ek as man of ek as vrou op my eie huwelik plaas. Druk, omdat ek my verhouding met my vrou of my verhouding met my man wil plooi en draai en wring sodat my nukke en grille bevredig kan word. Aangesien hierdie natuurlike sondige geaardheid maar dik in ons almal lê, is dit goed dat ons as gemeente weer saam gaan kyk en soek en vra: Hoe wil die Here hê moet my verhouding met my vrou of hoe moet my verhouding met my man wees? Hoe moet hierdie verhouding lyk sodat God daarmee verheerlik sal word?

Wanneer 'n mens Efesiërs 5:21-32 aandagtig deurlees soos wat ons dit vanaand gedoen het, kom 'n mens agter dat die Here aan die vrou en man afsonderlik elkeen net een verantwoordelikheid gee. Vir die vrou sê die Here Jesus: Vrou, jy moet aan jou man onderdanig wees. En vir die man sê Hy: Man, jy moet jou vrou liefhê.

Wanneer 'n mens dit hoor, sal die moedswillige mens maklik sê: Ag, maar die man kry darem 'n maklike opdrag van die Here af. Liefhê is mos iets wat so half natuurlik kom. Onderdanig ... dit is moeilik, want jy moet dit aanleer. Maar so vinnig kan ons die ou sakkie nie afhandel nie, broers, susters en kinders. In alle kulture – antiek en modern – word dit duidelik dat liefhê nie iets is wat sommer so natuurlik kom nie. Ja, selfliefde is iets wat nog natuurlik is, want elke mens het dit in sy geaardheid om vir homself en haarself altyd meer en beter toe te eien as vir iemand anders. Maar om iemand anders lief te hê is heeltemal 'n ander saak. En dan praat ons nie daarvan dat 'n mens van iemand hou of dat 'n mens aangetrokke voel tot iemand nie. Dit is immers ook 'n soort liefde, want alle mans en vrouens wat met mekaar getroud is, het eers van mekaar gehou en aangetrokke gevoel tot mekaar.

Die liefde wat die Here as opdrag aan die man gee, word in Grieks *agape* genoem, en word seker die beste vertaal met *opofferende liefde*. Wanneer Paulus die opdrag van die Here aan die man gee, skryf hy ook dadelik hoe die man sy vrou moet liefhê: **soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het** (Efesiërs 5:25 AFR83). Op verskeie plekke in die Ou Testament reeds word die genadeverbond wat God met sy volk gesluit het as 'n huweliksverhouding beskryf. Jesus het hierdie onderrig van sy Vader oorgeneem en na Homself as die Bruidegom verwys (Matt 9:15).

Wanneer die Heilige Gees die getroude mans leer hoe hulle hulle vrouens moet liefhê, beklemtoon Hy die bestendige en opofferende liefde van die hemelse Bruidegom vir sy bruid. Manne, ons moet hierdie liefde van Christus naboots in ons huwelike. Manne, ons moet ons vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

Met vyf werkwoorde beskryf die Heilige Gees die ontvouende stadiums van Christus se toewyding aan sy bruid. Hy het haar lief, Hy het sy lewe vir haar afgelê om haar te heilig nadat Hy haar gereinig het om haar vir Homself te neem (Efes 5:25-27). Christus se liefde vir die kerk is iets wat al kom nog voor die skepping van die wêreld. Reeds in die ewigheid het Christus die kerk liefgehad, want toe reeds het Hy Hom daartoe verbind om die kerk te kom verlos. En sy liefde vir die kerk is oorweldigend en allesomvattend. Voor die koms van Christus was daar nog nooit so 'n uitdrukking van liefde aan mense bekend nie. Christus se liefde vir sy kerk het Hom verteer.

Ons Drie-enige God kon nie en wou nie sien dat die mense wat Hy vir Homself geskep het sommer maar net so deur die duiwel en die sonde van Hom afgerokkel word nie. Hy is 'n jaloerse God en wat Hy vir Homself geskep het, gaan Hy nie so maklik afstaan nie. Daarom het die Seun van God mens geword, en Hy het die hele pad van vernedering enduit geloop om te sorg dat die mense wat aan Hom en sy Vader behoort weer terugkom in die hande van hulle regmatige Eienaar. Natuurlik was daar 'n prys wat betaal moes word – 'n baie hoë prys, 'n prys wat God self vasgestel het. Die straf op die sonde is die dood en juis daardie prys het Christus betaal. Hy het sy lewe afgelê vir sy kerk. Hy het die smarte en angste van die hel ondergaan om uiteindelik te sê: Dit is volbring (Joh 19:30), die prys is klaar betaal.

Maar hoekom het Jesus dit gedoen? Wat was sy doel met hierdie offer wat Hy met sy eie lewe gebring het?

Dit het Hy gedoen om die kerk vir God te *heilig*, nadat Hy dit met water en die woord gereinig het. (Efesiërs 5:26 AFR83)

Dit is duidelik dat die reinigingswerk die heiliging voorafgaan. Die woorde *water* en *woord* gee vir ons 'n aanduiding waarvan die Here hier praat.

Met die woord van God dring die Heilige Gees tot in die diepste wese van die mense wat kerk van Christus is in. En deur middel van die woord bewerk die Heilige Gees die wedergeboorte. Die wedergeboorte is daardie eenmalige en radikale omkeer wat Hy in ons lewens en harte veroorsaak. Waar ons gedagtes, harte en lewens eers op die sonde en die duiwel gerig was om net te doen wat ons onder sy bose leiding kon doen, keer die Heilige Gees ons lewens so om dat ons gedagtes, harte en lewens volkome op God en sy volmaakte wil gerig word. En weens hierdie ommekeer kom daar bekering by die mense. Hulle draai ook nou weg van die sonde af en vlug na God toe, die Bron van hulle lewe en hulle vreugde.

Hierdie ommekeer beeld Christus vir ons in die sakrament van die doop af. Met die doopwater, wat na sy bloed verwys, verseker Hy elkeen wat gedoop word: Net soos wat

water die vuilheid van jou liggaam afwas, net so seker was die Heilige Gees die sonde uit jou lewe uit met sy bloed. En die woorde wat die Here by die doop vir sy kerk sê, is niks minder nie as “Ek het jou lief”. Openlik sê die Here dat Hy sy kerk liefhet.

Nadat Christus sy bruid met water en die woord gereinig het, het Hy begin om haar mooi te maak. Sy plan is om sy bruid heilig te maak en haar uiteindelik tot Homself te neem. Hierdie mooimaakproses waarmee Christus tans besig is aan sy kerk, noem ons die heiligmaking deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei elke gelowige, en die kerk in geheel, om van die oorblywende sonde ontslae te raak. Deur die oortuiging van die Heilige Gees kry die kerk dit al meer en meer reg om weg te bly van die sonde af. Maar Hy gaan nog verder. Deur die leiding van die Heilige Gees bring Christus die kerk ook daartoe om die dinge te doen wat reg is in die oë van die Here.

In die taal van die Bybel: Wanneer die kerk die wil van haar hemelse Vader doen, is sy besig om haar bruidsklere aan te trek. Dit is die mooi wit klere waarvan daar so baie in Openbaring gepraat word (Open 19:8). En wanneer die kerk onder leiding van die Heilige Gees ontslae raak van die sonde, dan is sy in die hande van die beste Skoonheidsdeskundige. Christus haal al die vlekke en rimpels van sy bruid af. Met hierdie werk is Christus besig om die ware skoonheid en heerlijkheid van sy kerk na vore te bring. Tans lyk die kerk nog nie so mooi nie, maar sy gaan so mooi lyk. Christus gaan met sy wederkoms sy bruid vir Homself neem. Dan is sy volmaak heilig en onberispelik en waardig om vir ewig saam met haar Bruidegom op die nuwe aarde te wees.

Hoor ons dit goed genoeg, geliefdes. Dit is nie die bruid wat haarself mooi maak nie. Die Bruidegom maak sy bruid mooi. Sy liefde, sy opoffering, reiniging en heiliging is daarop gerig om sy bruid te bevry uit alles wat haar aan bande lê en haar tot volmaaktheid te bring. En uiteindelik neem Hy haar vir Homself.

Christus as die Hoof van sy kerk, is ook die Bruidegom van sy kerk. Hy onderdruk en vertrap en verbrysel nie sy bruid nie. Hy offer Homself eerder op om haar te dien sodat sy kan word wat Hy graag wil hê sy moet wees – haarself in al haar glorie soos wat sy Vader haar oorspronklik geskep het. Net so moet ons, manne van God, nie ons hoofskap gebruik om ons vrouens te onderdruk, aan bande te lê en te frustreer om nie haarself in volle reg te wees nie. Ons liefde vir ons vrouens moet in die teenoorgestelde rigting gaan. Ons moet onself ter wille van ons vrouens oorgee sodat hulle die volle potensiaal kan bereik wat God hulle gegee het as vrouens en hulle tot eer van God volledig hulleself kan word onder leiding van die Heilige Gees.

Broers, susters en kinders, ons sal nie anders kan nie as om te sê dat hierdie liefde waartoe die man vir sy vrou opgeroep word tog nie so maklik is as wat 'n mens aanvanklik gedink het nie. Dit is 'n baie hoë standaard, want, mans, ons moet baie van onself prysgee in ons liefde vir ons vrouens sodat hulle vrou kan wees in volle reg soos die Here dit bedoel het. Dit is ons werk om hulle mooi te maak.

Die standaard van Christus se liefde vir sy kerk is so hoog dat ons sondaars maklik sê: Maar ek sal dit nooit kan regkry nie. Die Heilige Gees wil egter hê dat ons sal insien dat ons dit tog sal kan regkry omdat dit 'n opdrag van die Here aan elke getroude man is. Die liefde van Christus vir sy bruid is te hoog en te diep vir ons om ten volle te begryp. En mans kry dit ook nie maklik reg om hierdie standaard in die lewe van elke dag in hulle huwelike te handhaaf nie.

Dit beteken egter nie dat ons die standaard maar kan verlaag nie. Die Here wil hê ons moet Hom gehoorsaam, daarom sê Hy:

Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame.

(Efesiërs 5:28 AFR83).

Die standaard van die Here is vir ons hoog, maar uit ons daaglikse ondervinding weet ons hoe om onself lief te hê. Geen gelowige man het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit. Hy doen alles in sy vermoë om sy liggaam gesond en sterk te hou deur te eet en klere aan te trek en te oefen. Christus doen dit immers met sy kerk. Hy voed en versorg sy kerk, wat ook sy liggaam is.

Geliefdes, Paulus het nou op twee maniere vir ons duidelik gemaak wat die man se liefde vir sy vrou behels. Dit is opofferende liefde soos Christus se liefde vir sy kerk. En dit is die liefde wat 'n man vir sy eie liggaam het wat hy ook aan sy vrou moet betoon. Nou word hierdie twee maniere saamgevoeg. Christus se bruid en Christus se kerk is dieselfde mense. Christus het sy kerk so onlosmaaklik deel van Homself gemaak dat Christus en sy kerk nooit meer los van mekaar kan wees nie.

En hier kom die aanhaling uit Genesis 2 nou ter sprake. Elke man sal sy vader en moeder verlaat en met sy vrou verenig en hulle twee sal een wees. Wanneer man en vrou in die huwelik op die mees intieme wyse een word deur hulle seksuele verhouding, is dit nie maar net twee liggame wat verenig nie. God het meer as dit bedoel. Hier word twee mense so een met mekaar dat dit inderwaarheid ook 'n eenwording is in persoonlikhede. Ons vrouens is so deel van ons, manne, soos wat ons eie liggame deel van ons is. Wanneer man en vrou in die huwelik op die mees intieme wyse een met mekaar geword het, kan 'n man sy vrou nie meer net as iemand langs hom sien nie. Sy is onlosmaaklik deel van hom net soos wat die man se siel en gees nie los van sy eie liggaam behandel kan word nie. Daarom sê die Here:

Wie sy vrou liefhet, het homself lief. (Efesiërs 5:28 AFR83)

Al die beste dinge wat ons as mans vir onself toeëien, moet ons ook net so aan ons vrouens gee. Dit is die liefde wat ons vrouens verdien, sê die Here.

Paulus sluit die gedeelte af met 'n samevatting:

Elkeen moet sy vrou so liefhê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon. (Efesiërs 5:32 AFR83)

Die liefde wat elkeen van ons mans aan ons vrouens moet betoon, is liefde wat daarop gemik is en ons vrouens in staat stel om te word wat God bedoel het hulle moet wees. Net so is die onderdanigheid en respek wat ons vrouens as opdrag kry daarop gemik om ons mans in staat te stel om te word wat die Here bedoel het ons moet wees. Dienende leiers wat die gesag van Christus bedien tot voordeel van ons vrouens.

Ons kom ten slotte terug na die twee onderskeie opdragte van die man en die vrou in die huwelik. Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees, en, mans, julle moet julle vrouens liefhê (Efes 5:22, 25). Onderskeie opdragte wat die Here aan elkeen gee in die huwelik, want elkeen het 'n onderskeie rol om in die huwelik te vervul. Wanneer ons egter probeer om hierdie twee opdragte te omskryf, kom ons agter dit is nie so maklik om hulle van mekaar te skei nie.

Wat beteken dit om onderdanig te wees? Dit beteken dat jy jouself tot diens van 'n ander mens oorgee. Wat beteken dit om lief te hê? Dit beteken om jouself ten bate van 'n ander mens oor te gee, soos Christus Homself vir sy kerk oorgegee het. Dus, is onder-

danig en liefhê twee aspekte van dieselfde ding, naamlik daardie selflose selfoorgawe wat die fondament is van 'n langdurige, groeiende en kuis huwelik.

Amen!

Slotgebed

Psalm 121:1, 2, 4 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermer.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Desember 2014